BYVOEG OPENBARE VAKANSIEDAE & WYSIGING OPENBARE VAKANSIEDAE

Openbare Vakansiedae wat nie in die bestaande lys op AfriKlok voorkom nie, kan bygevoeg word.
'n Voorbeeld is waar 'n Nasionale Stemdag verklaar word en hierdie dag as 'n openbare Vakansiedag hanteer moet word. Om die Openbare Vakansiedag by die bestaande lys te voeg, volg die volgende stappe:

1. Kliek op die Hoofskerm op: Tabelle.
2. Kies uit die opsies in die geel blok: Meesterlyste.
3. Kies uit die opsies aan die regterkant in pienk/blou: Openbare Vakansiedae.

4. 'n Lys van bestaande Openbare Vakansiedae word vertoon:



5. Kliek onder op: Voeg By.

6. Die volgende skerm word vertoon, waar die korrekte datum vir die “nuwe” Openbare Vakansiedag, sowel as die beskrywing, ingelees moet word:



7. Kliek op: OK (Skryf).

Werkers sal dan die korrekte betaling vir hierdie Openbare Vakansiedag ontvang.

Wysigings aan **bestaande** Openbare Vakansiedae kan ook hier aangebring word deur stap 1 tot 4 hierbo, te volg.
By stap 5, kies dan die opsie: WYSIG, om wysigings aan te bring.

‘n Voorbeeld waar die datum van ‘n Openbare Vakansiedae gewysig sal word, is waar werkgewers vereis dat werkers op ‘n spesifieke Openbare Vakansiedag werk, maar dan vir die werkers ‘n ander dag as Openbare Vakansiedag gee (met ander woorde, die Vakansiedae word uitgeruil).